Pretoria- 6 Julie 2014

Skriflesing: Johannes 14: 1-6; Johannes 18: 28-40; Jakobus 3:1-12
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 43**
Teks: Johannes 14:6; 18:38; Jakobus 3:5-6
Sing- Ps. 34:6; Ps. 25:2,5; Ps. 89:3,5

Johannes 14: 1-6

Joh 14:1 Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.
Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.
Joh 14:3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.
Joh 14:4 En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle.
Joh 14:5 Thomas sê vir Hom: Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?
Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Johannes 18: 28-40

Joh 18:28 Toe neem hulle Jesus van Kájafas na die goewerneur se paleis. En dit was vroeg in die môre; en hulle het self nie in die paleis ingegaan nie, dat hulle hul nie sou verontreinig nie, maar dat hulle die pasga kon eet.
Joh 18:29 En Pilatus het na hulle uitgekom en gesê: Watter beskuldiging bring julle teen hierdie man in?
Joh 18:30 Hulle antwoord en sê vir hom: As Hy geen kwaaddoener was nie, sou ons Hom nie aan u oorgelewer het nie.
Joh 18:31 En Pilatus sê vir hulle: Neem julle Hom en oordeel Hom volgens julle wet. En die Jode sê vir hom: Dit is ons nie geoorloof om iemand dood te maak nie—
Joh 18:32 sodat die woord van Jesus vervul sou word wat Hy gesê het om aan te dui hoedanige dood Hy sou sterwe.
Joh 18:33 Pilatus gaan toe weer in die goewerneur se paleis en roep Jesus en sê vir Hom: Is U die Koning van die Jode?
Joh 18:34 Jesus antwoord hom: Sê u dit uit uself, of het ander u dit van My gesê?
Joh 18:35 Pilatus antwoord: Is ek dan 'n Jood? U volk en die owerpriesters het U aan my oorgelewer. Wat het U gedoen?
Joh 18:36 Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.
Joh 18:37 Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem.
Joh 18:38 Pilatus sê vir Hom: Wat is waarheid? En toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode en sê vir hulle: Ek vind geen skuld in Hom nie.
Joh 18:39 Maar julle het 'n gewoonte dat ek vir julle op die pasga iemand moet loslaat; wil julle dan hê dat ek vir julle die Koning van die Jode moet loslaat?
Joh 18:40 Toe skreeu hulle almal weer en sê: Nie vir Hom nie, maar Barábbas! En Barábbas was 'n rower.

Jakobus 3:1-12

Jas 3:1 Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan.
Jas 3:2 Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou.

Jas 3:3 Kyk, ons sit stange in die perde se bekke, sodat hulle ons gehoorsaam kan wees, en ons stuur hulle hele liggaam daarmee.
Jas 3:4 Kyk, ook die skepe, alhoewel hulle so groot is en deur hewige winde voortgedryf word, word gestuur deur 'n baie klein roer net waarheen die stuurman wil.
Jas 3:5 Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge—kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand.
Jas 3:6 Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek.
Jas 3:7 Want elke soort natuur van wilde diere en voëls en kruipende sowel as seediere word getem en is getem deur die menslike natuur.
Jas 3:8 Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif.
Jas 3:9 Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is.
Jas 3:10 Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie.
Jas 3:11 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie?
Jas 3:12 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie.

Sondag 43
112 **Vraag***: Wat eis die negende gebod?*
Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê (a), niemand se woorde verdraai (b), nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie (c), niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie (d). Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel (e) se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring (f) nie. In regsake en in alle ander handelinge moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely (g). My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder (h).

(a) Spr 19:5, 9; 21:28. (b) Ps 15:3; 50:19, 20. (c) Rom 1:30. (d) Matt 7:1; Luk 6:37. (e) Joh 8:44. (f) Spr 12:22; 13:5. (g) 1 Kor 13:6; Ef 4:25. (h) 1 Pet 4:8.

Skriflesing: Johannes 14: 1-6; Johannes 18: 28-40; Jakobus 3:1-12
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 43**
Teks: Johannes 14:6; 18:38; Jakobus 3:5-6
Sing- Ps. 34:6; Ps. 25:2,5; Ps. 89:3,5

Geliefde broeders en susters- Die Pilatus vraag in Johannes 18:38-*Wat is waarheid?* Dit is 'n baie belangrike vraag. By Pilatus was dit 'n wanhoop vraag, hy was 'n dubbelhartige man, onbestendig in sy weë. Jesus het vir hom die waarheid vertel, Pilatus se eie vrou uit hulle slaapkamer gekom en vertel vir hom die waarheid en dan kom hy nog en hy vra minagtend, spottend, seker half moedeloos – WAT IS WAARHEID! Vanoggend het ons reeds in Salomo gesien dat die opmerksame hart, dit is waar waarheid, dit is waar reg, dit is waar reg en liefde mekaar ontmoet, liefde en trou, geregtigheid en vrede kus mekaar, maar hierdie kus kan alleen plaasvind as daar waarheid in alles, vóór alles en ná alles sal wees.

Die vraag in ons belydenis uit die Here se Wet is dieselfde vraag – Wat is waarheid?

As God nie by ’n saak betrokke is nie, as God nie geken en geglo word nie, dan is daardie saak op sigself al ’n infame leuen, ongeag wat die inhoud van die saak is. Wie vir die enigste ware God wil uitsluit, sluit die waarheid uit. ’n Saak kan hoe mooi lyk, dit kan in alle opsigte daarna verlang om die waarheid te dien, maar as die enigste ware God uitgesluit word, hy nie gedien word nie, dan is die saak leuenagtig. Sonder God is ALLES leuens.

Dit is dan ook die samevatting van ons belydenis dat God waarheid is. Christus het in Johannes 14 dan ook vir ons gesê – *EK IS DIE WAARHEID. – Ek is die weg die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur my nie.* Terselfdertyd geld die Woord dat niemand tot die Waarheid kan kom behalwe deur Christus nie. Ons moet hieroor geen illusies of misopvattings hê nie. Waarheid is alleen met God, in sy Heilige Gees, deur sy Seun Jesus Christus te vinde.

Hy wil dan ook net in gees en waarheid gedien word. Jesus sê vir die Samaritaanse vrou in Johannes 4:24 – *God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.* In 1 Johannes, die eerste ses verse wat ons ook gelees het waarsku die Here ons dan ook teen die gees van die dwaling, die leuengees, wat teen God in opstand is. Ons moet die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling kan ken. Die Gees van die waarheid ken ons uit God. Vers 2 en 3 – *Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God: en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom en hy is nou al in die wêreld.* Jesus het na hierdie wêreld gekom vir die waarheid. Voor die spottende minagtende Pilatus vraag in Johannes 18- *Wat is waarheid?*.....sê Jesus in vers 37 baie duidelik – *Ek is gebore en Ek het in die wêreld gekom om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na My stem*…..Luister na God, dan is ons met die waarheid besig.

***

God is lig, geen duisternis is in Hom nie. In Titus 1:2 staan dit so sterk dat *God nie kan lieg nie*….en in die brief aan Timotheus sê die Here weer – *Hy bly getrou, Hy kan Homself nie verloën nie*……..In die Ou Testament, Numeri 23:19 staan dit al duidelik –*God is geen man dat Hy sou lieg nie; of ’n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie*……Psalm 31:6 praat van die GOD VAN TROU, direk vertaal

staan daar die God van waarheid. Die Gees van God, die Heilige Gees, word dan ook baie keer *die Gees van die waarheid genoem.*

Dit is die Gees waarmee God geskep het, wat oor die oppervlak beweeg het toe God in sy Seun gespreek het. Elke keer as die Here klaar geskep het, dan sê Hy *dit is goed*……..Op die einde sê Hy die Woord in Jesus – ALLES IS GOED. God praat hier ook van waarheid. As God sê dat alles goed was dan bedoel Hy óók dat sy werke was waarheid en alles was ’n afspieëling van Hom wat uit die waarheid is. Uit alles straal waarheid!

***

Die sondeval het gekom, Satan het in die paradys gekom om die goedheid, die suiwerheid, om die waarheid van God te probeer wegneem. Deur ’n leuen het die duiwel die mens van God weggeneem en die mens was uit homself allesbehalwe goed, hy is ongehoorsaam, hy glo die leuen en die mens word ’n afspieëling van die leuen. Die afspieëling van die eerste leuen in hierdie wêreld, die afspieëling van Satan sit natuurlik nou nog in alle leuens. Satan is die vader van die leuen. Ons belydenis noem leuens die duiwel se eie werke- **Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy.** Christus sê in Johannes 8 – *Satan staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat is dit volgens sy aard, want hy is ’n leuenaar en die vader van die leuen*…..Christus, het ons reeds gewys, het dan ook na hierdie aarde gekom om die waarheid TERUG TE BRING. In Christus het God aan ons as mense die waarheid teruggegee.

***

God wil dan ook in Christus hê dat dieselfde waarheid in ons moet wees. Het u al mooi gelees hoe Jesus in sy Hoëpriesterlike gebed dit dan ook tot die Vader bid – Johannes 17:17 – *Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid. Ons moet aan God toegewy wees deur die waarheid – U woord is die waarheid...* Die waarheid, die Gees van die waarheid moet in ons wees. Ons moet aan God toegewy wees, om aan die waarheid toegewyd te wees. Die Gees en die Woord is altyd aan mekaar gebind, daarom is God se Woord die waarheid, want dit is die Gees van die waarheid wat deur die Woord werk.

Ons belydenis stel dit duidelik dat elkeen persoonlik, die die waarheid in hom/haar moet hê- **Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie ’n kwaadstoker of**

lasteraar wees nie, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie……Daarmee alles, alle vorme van lieg en bedrieg, is ek besig om die sware toorn van God oor my te bring……En dit alles lê by die tong en die lippe. Daardie kwaadspreek, daardie laster, daardie verdraaiing van woorde, daardie valse getuienisAl hierdie leuens en verdraaiinge en laster het ook teen Jesus plaasgevind. Voordat Hy aan die kruis gesterf het, het die mense Hom alreeds met hulle tonge en lippe vermoor. In die Ou Testament het die valse getuienis op Nabot losgetrek en dit het hom sy wingerd en sy lewe gekos. Hier is die bloed wat met woorde vloei, wat neerkom op heimlike moord soos in Sondag 40, die sesde gebod daarna gekyk het. Jakobus het die skerpheid en die dodelikheid van die tong vir ons uitgewys...*kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand, die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid en dit kan uit die hel aangesteek word.*

***

As ons met die negende gebod besig is dan sal u ook agterkom die Wet begin nou meer na binne gekeer raak. Na die hart, daar waar die uitgange van die lewe lê. Elk van die gebooie het tot nou 'n na-buite gerigtheid gehad, maar bedrog en begeertes, die twee laaste gebooie wys na die mens se binnekant. Die binnekant daar waar die moontlikheid van liefde lê. Ons belydenis sê dan ook ons moet 'n liefdesverhouding met die waarheid hê – ons moet die waarheid liefhê. Die lied oor die liefde in 1 Korintiërs 13 stel dit mooi. Vers 6- *Die liefde is bly saam met die waarheid.* Daar is 'n vreugde, daar is 'n liefde, as daar waarheid is. Waarheid en liefde moet altyd saamgaan – Liefde sonder waarheid is sentimentaliteit, en die waarheid sonder liefde is brutaliteit! Ons het die waarheid lief, omdat Christus Self die waarheid is. En slegs 'n wedergebore mens kan dit werklik doen, daar waar werklik elke dag van bekering sprake is, daar is hierdie liefde moontlik. **In regsake en in alle ander handelinge moet ek die waarheid liefhê** staan in ons belydenis.

Openbaring 22:15 wys ook op wat buite die Here se kerk aangaan. Daar is ook liefde moontlik, liefde vir leuens. Daar staan – *Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat LEUENS LIEFHET EN DOEN.* Die liefde vir die leuen maak dat die leuen gedoen word, dit raak 'n leuen god. 'n Mens wat die waarheid liefhet spreek die waarheid in alles wat hy sê en bely. Die Here sê ook dan vir ons in Efesiërs 4:25 – *Daarom lê die leuen af en en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede…….*

Om die waarheid te spreek gaan nie net om die werklike feite van ’n saak nie, maar ’n mens moet saam met die feite ook die Woord van God ken….goed ken. Weereens ’n bevestiging daarvan wat Salomo die Here gevra het, in alle wysheid en in alle waarheud. Sonder die kennis van die Woord sal Satan ons met feite kan oorweldig. Die Woord is die enigste maatstaf wat ons kan help om agter die skynbare ware feite tog die leuen te sien. Satan kom dikwels na ons in ’n vroom gedaante terwyl hy voorgee dat hy die waarheid spreek.

Die Here sê vir ons in 2 Korintiërs 11:14 dat hy na ons toe kom soos *’n engel van die lig* …..m.a.w. soos ’n engel van God! Hy sal selfs vir ons met tekste uit die Here se Woord wil verlei, soos hy met Jesus, die Seun van God probeer het. Daarom is Skrifhantering ook so uiters kardinaal belangrik. As ons net met tekste werk en ons spring van die een teks na die ander en elke teks kry apart betekenis, pasop vir die duiwel wat die teks versies in God Woord beter ken as wat ons dit ken. Hy kan ’n skynbare lig uit God se Woord vir ons wil aansteek en tog is die lig, Satan se lig , hy kom soos ’n engel van die lig! Satan wou vir Jesus met ’n teks uit Deuteronomium verlei, maar Jesus ken die Skrif in sy verbande, Jesus noem nie ’n teksvers nie, maar Jesus sê **DAAR STAAN OOK GESKRYWE.**

****

In 1 Johannes 4 het u ook reeds gehoor hoe belangrik dit is dat ons die geeste op die proef stel. *Geliefdes ,glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle ook uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan……*en saam met die baie valse profete is daar vandag baie valse kerke. Die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling moet geken word.

Die Here is Een, sy waarheid is Een, soos die Gees van die waarheid ook net Een is. Daarom moet ons baie versigtig wees om alles af te maak van ons “dien darem dieselfde Here” asof die Een Here verskillende waarheid is en ons kan Hom maar verskillend dien. Mense wil graag vreemde vuur op die Here se altaar neersit, dit het al daar by die seuns van Aäron in Numeri 3 begin. Die vreemde vuur wat die Here met ’n ander sogenaamde waarheid wil gelykstel, het die seuns doodgemaak, soos die belydenis ook daaroor praat, dat die vreemde, die leuens die **sware toorn van God oor my bring……**

Ons moet doen soos wat God se Woord sê, anders verdraai ons die Woord. So min as wat ons God se Woord mag verdraai, so min mag ons ook mekaar se woorde, die woorde van mense verdraai. Ons moet vir mekaar opkom. Dit is nie genoeg om maar net nooit te skinder nie, nie te lieg nie, maar daar moet 'n waarheid ook van ons kant uitkom as ons oor mekaar praat. Iemand wat skinder moet summier gestop word, **my naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder.**

***

Dan mag ons saam vertoef in die tent van die Here. In Psalm 15 vra die digter – *HERE, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op U heilige berg?* Die antwoord is – *hy wat opreg wandel en geregtigheid doen en wat <u>met sy hart</u> die waarheid spreek; wat nie rondgaan met laster en sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaad hede uitspreek teen sy naaste nie…..*Die mens wat so met die Here in sy tent vertoef, saam met die Here op sy heilige berg woon, die mens sal uiteindelik oorwin, want die waarheid sal oorwin, omdat Christus as die Waarheid Self sal oorwin. Op die nuwe aarde sal daar niks anders as die waarheid te vinde wees nie, want al die leuenaars en almal wat leuens liefhet en doen, sal in die poel wat brand met vuur en swawel gegooi word.

Nou egter moet u nie die stryd om die waarheid onderskat nie. Die mag van die leuen sal in die laaste dae sy hoogtepunt bereik onder leiding van die valse profeet wat een van die vernaamste handlangers van die antichris sal wees. Satan, die antichris werk mos met 'n drieheid, al is dit nie 'n Drie-Eenheid nie, die duiwel, die antichris, die valse profeet, al drie versinnebeeld in die gestalte van die drie diere, die draak, die dier uit die see, die dier uit die aarde…..hulle is die drieheid wat die waarheid wil vertrap. Die valse profeet uit die aarde is die direkte teenstander van die Heilige Gees, die Gees van waarheid wat ook op hierdie aarde is. Die dier wat in die see opkom is die teëstander van Christus Self, die antichris, en die draak, die duiwel hy is die teëstander van die Vader. Die Drie-Eenheid se stryd teen Satan se drieheid is 'n stryd om die waarheid. Die stryd moet u en ek saam met God, in God deur sy Seun onder werking van die Heilige Gees kan stry. Die vraag is- Stry u? Sy Gees laat ons nou in die stryd die woorde van Psalm 141:3 bid – *HERE, stel 'n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe dan sal ek net waarheid spreek.* AMEN